04-11-2020 Meester

VAKHOOF: AFRIKAANS
MODEREER
02-11-2020

# Laerskool Van Dyk Primary

D6 EMIS 700160994
GRAAD 5

AFRIKAANS EAT
NOVEMBER EKSAMEN

KWARTAAL 4 2020
TOTAAL: 40
OPGESTEL: ME N STEYN

TYDSDUUR: 90 MINUTE
GEMODEREER: ME S PIENAAR
DATUM: _____________

TAAK 11 – VRAESTEL 2

Naam en Van: ________________________________________ Gr5.______

| | VRAAG 1 | VRAAG 2 | VRAAG 3 | VRAAG 4 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| PUNT | 15 | 10 | 5 | 10 | 40 |
| LEERDER PUNT | | | | | |

SKAAL:

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 0-29% | 30-39% | 40-49% | 50-59% | 60-69% | 70-79% | 80-100% |

**Instruksies:**

- **Skryf netjies en met 'n blou pen.**
- **Skryf duidelik en leesbaar.**
- **Lees jou vrae deeglik deur.**
- **Moet nie oop spasies los nie.**
- **Lekker skryf.**

Sterkte



**VRAAG 1**

LEESBEGRIP

Lees die volgende storie goed deur en beantwoord dan die vrae wat volg.


## Jock van die Bosveld





Daar was 'n oulike, klein bruin hondjie met die naam Jock.


Jock was spesiaal. Hy het vir homself gesê: "Ek wil so dapper soos my ma, Jess, wees."



Hy sê ook: "Ek wil groot en sterk en slim wees!"



Jock sê: "Ek wil graag 'n vriend hê."




Jock is baie gelukkig. Toe hy grootword, kry hy 'n beste vriend. Sy naam is Percy Fitzpatrick. Hulle bly in die Bosveld.

Jock leer vinnig om te **jag** (*hunt*). Maar hy **jaag** (*chase*) nie slange nie. Hy bly in die nag by die vuur as daar leeus is. Hy is versigtig en **gehoorsaam** (*obedient*).





Jock sien 'n wildsbok lank voor Percy die bok raaksien.



Percy weet dat Jock se stertjie alles wys wat hy voel.

Jock was altyd dapper. Een nag, toe hy die hoenders teen ander honde probeer beskerm, skiet 'n man hom per ongeluk dood. Percy was baie hartseer. Almal onthou Jock vandag nog as Jock van die Bosveld.

Beantwoord die volgende vrae in vol sinne.

1. Oor wie gaan die storie? (1)

---

2. Hoe beskryf hulle die hondjie? (1)

---

3. Hoekom wil Jock dapper wees? (1)

---

4. Wie is Jock se vriend? (1)

---

5. Onderstreep die korrekte antwoorde.

Jock wens dat hy eendag (**slim / dom**) sal wees as hy groot is. (1)

Jock was altyd 'n (**goeie baas / goeie jagter**) vir Percy. (1)

6. Sit die volgende sinne in die korrekte volgorde. (3)

| | Korrekte volgorde: |
|---|---|
| a) 'n Man skiet Jock per ongeluk dood | **b** |
| b) Jock leer vining om te jag. | |
| c) Jock is gehoorsaam | |
| d) Almal onthou Jock vandag nog | |

7.Hoekom waai Jock se stert? (1)

---

8. Dink jy Jock het goeie oë? Hoekom sê jy so? (2)

---

---

9. Het jy 'n troeteldier wat jou beste vriend is?

a) Kies die regte antwoord (1)

| | |
|---|---|
| Ja | Nee |

b) Wat is die troeteldier se naam? (1)

---


10. Wat dink jy is die kerngedagte van die storie? (1)

---

(Totaal: 15)

**VRAAG 2**

VISUELE TEKS – 'n Advertensie




Gedruk met toestemming van MARS Consumer Products Africa (Pty) Ltd.

1. Oor watter produk gaan die advertensie? (1)

__________________________________________________________

2. Onderstreep die regte anwoord

Die drie kinders in die prentjie lyk (**honger / dors**). (1)

Die ma gee vir die kinders (**brood / pasta**) om te eet. (1)

3. Hoeveel nuwe pasta souse word geadverteer? (1)

__________________________________________________________

4. Hou jy van pasta? Hoekom of hoekom nie? (1)

__________________________________________________________

5. Watter woord in die advertensie sê vir jou dat hulle die kos dadelik wil hê? (1)

___________________________________________________________________________

6. Dink jy die advertensie sal mense se aandag trek?

a) Kies die regte antwoord (1)

| | |
|---|---|
| Ja | Nee |

b) Wat van die advertensie sal jou aandag trek? (1)

___________________________________________________________________________

7. Het jy van die advertensie gehou? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

(Totaal: 10)


**VRAAG 3**


OPSOMMING

Voltooi die opsomming deur die korrekte woorde in te vul:

Eendag was daar 'n  1.__________________. Haar naam was Gouelokkies. Sy stap

eendag deur die bos. Sy sien 'n  2.___________________. Sy klop aan die deur en

gaan in. In die kombuis sy sien drie  3.__________________ op die tafel. Sy proe aan die

pap. Sy gaan slaapkamer toe. Sy sien drie  4.___________________.

Die  5.________________ kom terug huis toe. Hulle gaan na die slaapkamer en

sien Gouelokkies in die bed. Gouelokkies word wakker en hardloop huis toe.

(Totaal: 5)

**VRAAG 4**

TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

1. Skryf die sin in **Lydende vorm:** (1)

Jock sien 'n wildsbok.

---

2. Gee die **Antoniem/ Teenoorgestelde** van die woord in hakies: (1)

Jock was baie (**hartseer**).

---

3. Verbind die twee sinne met die **Voegwoord:** (1)

Percy weet hoe Jock voel. Hy waai sy stert. **(want)**

---

4. Skryf die sin in die **Ontkennende vorm**: (1)

Hulle bly in die bos.

---

5. Skryf die volgende sin oor sodat die **Byvoeglike naamwoord** voor die **Selfstandige naamwoord** staan. (2)

Die man is snaaks.

---

6. Gee die **Verkleining**: (1)

Dogter - ____________________

7. Skryf die sin in **Verlede tyd:** (1)

Jock veg vir die hoenders.

---

8. Vul die regte **Voornaamwoord** in: (1)

Jess is Jock se ma. ________ was baie dapper. Jock wil soos sy wees.

9. Skryf die sin in die **Indirekte rede:** (1)

Jock sê: "Ek is groot en sterk en slim"

---

(Totaal: 10)

Groottotaal: 40